

PATROLOGIE: WAAROM IS DIT NODIG OM DIE KERKVADERS TE LEES?

Deur: Prof. GDS Smit

Inleiding

Patrologie is die studie van die vroeg-Christelike kerk in gespesialiseerde fasette soos die geskiedenis, teologie en die taal. Ons vind hierdie inligting in besonder in die honderde geskrifte van die vroeë kerkvaders.

Patrologie is 'n vakdissipline in die Teologiese spektrum, meer besonder, in die studie van die Antieke Tale. Patrologie behoort vir die teoloog en kerk 'n baie belangrike bron te wees in die formulering van antwoorde op die vrae en probleme van die tyd. Dit was ook deur die eeue heen 'n belangrike bron vir die kerk in sy stryd teen dwaalleer en die stryd na buite. Dit het egter voorveronderstel dat die kerk kennis geneem het van die kerkvaders se geskrifte.

Plek van die verskillende kerkvaders

Om die kerkvaders se betekenis vir die moderne lesers te verstaan, moet ons kennis neem van die plek wat spesifieke kerkvaders in die geskiedenis ingeneem het.

Ons kan die kerkvaders in 3 hoofkategorieë verdeel:

1. Apostoliese kerkvaders
2. Voor-Niceense kerkvaders
3. Na-Niceense kerkvaders

Die apostoliese kerkvaders is dié kerkvaders wat geleef het in dieselfde tyd as die apostels van ons Here Jesus Christus. Christus het die apostels beveel om die Evangelie te verkondig in Jerusalem, Judéa en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde (Handelinge 1:8). Hulle het kort hierna op verskillende plekke die Boodskap van Christus aan die Joodse volk en aan die heidendom gebring.

Saam met die apostels was daar gewoonlik leerlinge wat direk by die apostels geleer het, en dikwels saam met hulle op die verskillende reise was. Hierdie leerlinge het na die apostels se preke geluister en van hulle die waarheid oor Christus gehoor.

Hierdie “geloofsgenote” wat direk van die apostels van ons Here Jesus geleer het en later leiers in die eerste Christelike gemeentes geword het, noem ons “apostoliese kerkvaders”. Onder sulkes is bekende name soos Barnabas (’n leerling van Paulus), wat later self die “Barnabas-brief” geskryf het; Klemens van Rome (’n leerling van Petrus) met sy bekende Klemens-briewe; Ignatius van Antiochië (’n leerling van Johannes) en ook die kerkvader Polukarpus (wat ook ’n leerling van die apostel Johannes was). Die werke van hierdie kerkvaders was oorspronklik in Grieks geskryf.

Na die dood van die *apostoliese vaders* verval die gebruik om na ander kerkvaders só as *apostoliese vaders* te verwys en kan ons net praat van *vroeg-Christelike kerkvaders*. Sonder om in te veel besonderhede in te gaan, word hier net kortliks ’n verduideliking gegee van die ander twee groepe van kerkvaders hierbo genoem.

Die voor-Niceense kerkvaders word so genoem omdat hulle belangrike kerkleiers was wat opgetree het voor die groot Konsilie (Sinode) van Nicea in 325 n.C. Meeste van hierdie kerkvaders voor 325 n.C. se werke is oorspronklik in Grieks geskryf, hoewel daar enkele kerkvaders was wat reeds in Latyn, wat besig was om Grieks as algemene skryftaal te vervang, geskryf het. Die Sinode van Nicea is ’n belangrike gebeurtenis in die geskiedenis van die vroeg-Christelike kerk omdat dit die eerste maal in die kerk se geskiedenis was dat die Christelike kerke, wat oor die destydse bekende wêreld heen versprei was, bymekaar gekom het om op ’n amptelike wyse besluite te neem wat nie net vir een gemeente sou geld nie, maar vir al die kerke saam.

Tydens hierdie sinode is veral belangrike besluite geneem oor die Ariaanse kwessie¹ en oor kerklike strukture. Die geloofsbelydenis van Nicea, een van die algemene belydenisskrifte van

¹ Die kerke het hier saam standpunt ingeneem teen die dwaalleer van Arius, wat geleer het dat Christus nie God self is nie, maar slegs die seun van God en daarom ondergeskik is aan die Vader. Dit het by implikasie daarop neergekom dat Arius nie die Drie-eenheid bely het nie, maar slegs die Vader as God. Die Jehowa-getuies het hierdie standpunt van Arius as hulle belangrikste grondslag geneem. Hoewel hulle Jesus in hulle traktaatjies meld, is Hy vir hulle net dit – Jesus, die mens – nie God nie. Om dié rede het die Jehowa-getuies bv. geen beswaar om Christus uit te beeld nie en sien mens gewoonlik in die traktaatjies van die Jehowa-getuies allerhande illustrasies van Jesus.

die Christelike kerke, is tydens hierdie sinode aanvaar en later verwerk² in 'n belydenisskrif vir die Christelike kerke wat deur amper alle Christelike kerke oor die wêreld heen aanvaar word tot vandag toe³. Dié geloofsbelydenis lê veral klem op die verhouding tussen die Vader, Seun en Heilige Gees en bely dat God drie Persone is, maar Een Wese en dat die Vader, Seun en Heilige Gees gelykwaardig God is⁴.

Die rede waarom die kerkvaders voor hierdie tyd (325 n.C.) van dié na hierdie tyd geskei is, is nie omdat die kerkvaders voor Nicea verward was oor die ware leer oor die Drie-eenheid nie, maar omdat die kerk nêrens as geheel, almal saam, amptelik standpunt ingeneem het teen die dwaalleringe van die tyd oor God en sy wese nie. Hierna sou dit vir die kerk makliker wees om dwaalleer te bestry want daar was 'n amptelike belydenisskrif wat hulle as meetinstrument kon gebruik teen die bose aanvalle van die dwaalleraars.

Die vaders wat in die kerk as leiers opgetree het ná Nicea, word om dié rede hierbo gemeld, na-Niceense kerkvaders genoem⁵. Van die na-Niceense kerkvaders het in Grieks geskryf, soos Chrysostomos. Die meerderheid van die kerkvaders ná Nicea het in Latyn geskryf.

Die kerkvaders praat die Bybel na

Die kerkvaders het nie 'n nuwe- of ander leer kom voorhou nie, maar bloot die leer van die Skrif deurdink, toegepas en verdedig. Hulle het dikwels selfs hulle lewe opgeoffer daarvoor. Hulle teologie en óns teologie behoort dus nie verskillende teologieë te wees nie of wesenlik van mekaar te verskil nie, want ons het mos dieselfde Bron, naamlik die onfeilbare Woord van God.

² As belydenisskrif aanvaar tydens die sinode van Konstantinopel in 381 n.C. Die belydenis oor die Heilige Gees is in 589 n.C. in die geloofsbelydenis ingevoeg om veral 'n gemeenskaplike antwoord te gee op die Montaniste se dwaalleer (elders in die publikasie verduidelik ek kortliks die standpunte van die Montaniste).

³ Na raming is daar tans 2-biljoen Christene wat die Geloofsbelydenis van Nicea aanvaar (dit sluit alle kerke in behalwe die Jehowa-getuies en die Mormone. Laasgenoemde twee groepe verwerp die geloofsbelydenis van Nicea of gedeeltelik of in sy geheel).

⁴ Veral die belydenis oor Christus se pre-eksistensie (dat Hy voor die skepping reeds God is en nie geskep is nie) was tydens die Sinode van Nicea in die kollig. Nicea het die formulering vanuit die Skrif in die belydenisskrif oor Christus so bely: *"Ek glo ... in een Here Jesus Christus ... gebore uit die Vader voor alle eeue; God uit God; lig uit lig, waaragtige God uit waaragtige God, gebore, nie gemaak nie..."*

⁵ Onder die na-Niceense kerkvaders is bekende name soos Chrysostomos en Augustinus. Beide hierdie kerkvaders het die grootste rol in die formulering van Calvyn se teologie gespeel.

Die vroeg-Christelike kerkvaders is 'n myn van onskatbare waarde vir die teologie naas die Bybel self, en die belydenisskrifte⁶. Groot kerkhervormers soos Martin Luther, Johannes Calvyn, John Knox en Melanchton het naas die Bybel, hoofsaaklik uit die kerkvaders aangehaal om die leer van die Rooms-Katolieke kerk te weerlê.

Meeste historici beskou die dwaalleer van die Roomse kerk vanaf die twaalfde eeu na Christus as die belangrikste rede vir die hervorming. Hulle is dit ook eens dat die hervormers nie aanvanklik beplan het om weg te breek van die Roomse kerk nie, maar gepoog het om die Roomse kerk te suiwer. Hulle het hulle egter voortdurend vasgeloop teen die pous en die absolute onverdraagsaamheid van die kerk teenoor dié wat van die kerk verskil het. Mettertyd het dit onafwendbaar geword dat die hervormers moes wegbreek van die Roomse kerk om sodoende die suiwer leer te kan handhaaf. Die hervormers se worsteling met die Skrif, hulle besondere kennis van die Skrif en die besef by die hervormers dat die kerkvaders reeds hierdie vraagstukke deurdink het, staan vir my persoonlik uit as die grootste rede vir die sukses van die hervorming.

Die kerkhervormers praat die vroeë kerkvaders na

Calvyn haal die kerkvaders so gereeld aan in sy monumentale werk, die *Institusie vir die Christelike Godsdiens*, dat teoloë al die vraag gevra het: is dit Calvyn of die kerkvaders wat die Hervorming gedryf het? Om die redes hierbo genoem, is ek van mening dat die prediking van die kerkvaders 'n groter invloed op die Hervorming gehad het as wat ons dikwels besef of erken, en dat die Reformasie dus nie maar bloot teen die pous gekant was en eintlik "oorreageer" het nie⁷. Hiermee bedoel ek dat die hervorming myns insiens moes plaasvind,

⁶ Ons moet onthou die werke van die kerkvaders is nie geïnspireerde werke soos die Bybel nie. Die hele Skrif is deur God ingegee (2 Tim. 3:16) en die teopneustie d.i. dat God die Woord "uitgeasem" het (2 Pet. 1:19-21) geld net die Kanonieke boeke van die Bybel (vergelyk NGB. art. 4). Die werke van die kerkvaders help ons egter om tendense van die tyd te kan identifiseer; om dwalinge te kan antwoord vanuit die Skrif; om 'n profiel op te bou van die kerk: die liturgie, leer, Skrifbeskouing en ander leerstellige sake van die eerste Christene. Om dié rede bepleit ek in hierdie werk ons aandag op die kerkvaders, en nie omdat ons dit gelyk met die Skrif (en ook nie eens gelyk met die belydenisskrifte) moet reken nie.

⁷ Ek neem die standpunt in ter reaksie op sommige wat meen dat die Reformasie nie 'n konsekwente teruggryp na die suiwer leer van die Christendom voor die twaalfde eeu was nie, maar 'n teenreaksie op die Roomse kerk en in besonder, die pous, en dat die hervormers om dié rede eintlik oorreageer het.

Vgl. bv. Jewett, Paul K. & Shuster, Marguerite. 1996. *Who We are: Our Dignity as Human: a Neo-evangelical Theology*. Grand Rapids: Eerdmans, wat die opmerking maak: "we must also acknowledge that the Reformers overreacted". Hoewel hulle by hierdie aanhaling spesifiek na die hervorming se beskouing oor die huwelik verwys, is die toonaard van die publikasie een wat van die veronderstelling uitgaan dat die hervormers grootliks oorreageer het en dat hulle die verskille "om die tafel kon uitpraat" in plaas van die Roomse kerk verlaat.

ongeag die reaksie van die Roomse Kerk op die leer van die hervormers, aangesien die Skrif, Christus, genade en geloof nie meer die middelpunt van die kerk se leer was nie.

Dit is duidelik dat die Reformasie self gemyn het uit die “patristiek-goudmyne” vir die suiwer verstaan van die Skrif. Natuurlik was die kerkvaders nie in alle standpunte ewe suiwer nie, maar het hulle ook self gegroei en geworstel, maar in hulle worsteling help hulle die hedendaagse kerk om nie dieselfde foute te herhaal nie. Ons hoef ook nie die spreekwoordelike “wiel” van vooraf uit te vind nie – die kerkvaders het feitlik elke vraagstuk waarmee die kerk vandag gekonfronteer word op ‘n besondere wyse vanuit die Skrif beredeneer en verduidelik. Ons kan gerus daaruit put. Die kerkvaders was beslis nie onfeilbaar nie. Daar is net Één wat dié titel kan dra. Daar bestaan menige verskille tussen die Gereformeerde teologie en die teologie van die kerkvaders. Nogtans behoort ons nie die kerkvaders te ignoreer asof die geskiedenis van die kerk in die sestiende eeu begin nie.

Die reaksie op die leer van die hervormers was dieselfde soort reaksie wat die eerste eeuse Christene ontvang het: bespotting, vernedering en in baie gevalle selfs die dood. Die vervolging van die vroeg-Christelike kerk staan om dié rede nie in kontras met die Reformasie nie, maar juis in lyn met die geskiedenis van die Reformasie en herinner die “kinders van die Reformasie” daaraan dat ons ook dié soort reaksie van die samelewing kan verwag.

Slotopmerkings

Voor ons kritiek uitspreek oor verskille tussen ons en die kerkvaders (en selfs die kerkvaders onder mekaar), moet ons net in gedagte hou dat hulle dikwels nie toegang gehad het tot ‘n biblioteek van teologiese werke waaruit hulle kon put nie; dat hulle dikwels op pad (selfs op vlug) hoogstens ‘n paar geskifte saam met hulle kon neem (gewoonlik het hulle net die belangrikste geskrif geneem, naamlik die Bybel); dat baie gemeentes nie eens ‘n Bybel besit het nie; en dat baie kerkvaders dikwels teksverse uit die Bybel uit die geheue aanhaal omdat hulleself nie altyd onmiddellik toegang gehad het tot ‘n Bybelse manuskrip nie. Ons vind egter ‘n rykdom van Bybelse aanhalings in die kerkvaders. Dit dien as bewys dat hulle die Skrif liefgehad het, bestudeer het en groot dele van die Bybel uit hulle kop kon opsê.

Iemand wat die kerkvaders afmaak as “onbelangrik vir die Gereformeerde teologie”, verrai óf sy onkunde óf is bloot blind óf verhard vir die genade van God in die geskiedenis van die katolieke (algemene) kerk.